Preek, Ds Freddie Schoeman
Sondag 1 Februarie 2009

Ons het laas week gesien dat wanneer 'n mens naby aan God leef, gebeur daar vyf dinge:

- Jy kry nuwe krag
- Jy ervaar God se hulp
- Jy ontdek God se wil vir jou lewe
- Jy beleef innerlike genesing
- Jy ontdek jou potensiaal

Toneel: die dissipels op die see. Jesus slaap. Storm. Vrees. Jesus maak die storm stil. Jesus se reaksie op die vrees van die dissipels.

Basie probleem: Jesus is naby – maar nog steeds beleef die dissipels vrees en paniek. Gegewe: God is altyd naby – dis nie God wat wegskuif uit ons lewens uit nie. Die probleem lê by ons wat nie naby aan God leef nie.

Wanneer ons naby aan God leef – dan beleef ons dat God die storms in ons lewens stilmaak – dat Hy die opwellende paniek in ons harte kalmeer.

Hoe leef ons naby aan God? *Ons leef naby aan God deur te luister – 'n basiese houding van luister inneem.*

Die vernaamste manier waarop God Hom openbaar in die Bybel, is nie deur visioene nie. Ons lees wel van drome en visioene in die Bybel, maar dis nie vernaamste of normale manier waarop God Hom openbaar nie. God openbaar Hom vernaamlik deur te *praat* en mense beleef die nabyheid van God deur *te hoor*.

Ons wil altyd graag sien – met ons eie oë, soos Thomas. Sien is glo! Maar: sien is nie glo nie. Geloof kom gewoonlik nie deur ons oë nie – dit kom deur ons ore – ons gehoor.

Abraham, Moses, Samuel, Elia in die grot,

Ons kan wel sien waar God werk, die effek van sy werksaamheid. (Soos wind – kan dit nie sien nie maar jy kan die bome sien waai.)

Sig speel 'n belangrike rol – maar ons oë bedrieg ons dikwels (Optiese illusies) Ons kan ons oë nie altyd 100% vertrou nie. Ons gehoor is betroubaarder.

Daarom moet ons luister! Dis die manier om naby aan God te leef. Ons moet leef met die veronderstelling dat God praat. As ons luister, sal ons Hom kan hoor.

Maar luister is nie altyd so maklik nie – neem ons gewone gesprekke – die kere wat ons gefrustreerd is omdat ons voel ons word nie gehoor nie. Ons betrap onsself dikwels dat ons met iemand praat maar dat ons gedagte 10 000 myl ver weg is ...

Dus: luister is nie eenvoudig nie – dis iets wat *aangeleer* moet word.

Die 10 000 uur reël. Klem op proses – dit gebeur nie oornag nie. Moet dit gedissiplineerd inbou in ons lewens in – moet 'n lewensgewoonte word.

Hoe praat God met ons? Daar is 'n aantal "stasies" of kanale waardeur God Homself hoorbaar maak as ons ingestel is daarop:

- Eerstens deur sy Woord – die Bybel. (LEERBAARHEID)
- Tweedens deur mede-gelowiges (wat mekaar ken en vertrou) (VERTROUE)
- Derdens deur ander mense (ander kultuur, ander lewensomstandighede, ander geloofsoortuiging) (DEERNIS)
- Vierdens deur die Gees wat binne ons woon. (gawes, talente, potensiaal) Integrasie vind plaas (OPENHEID)

Wat wil God hê moet ons hoor? Jy moet die volgende raakhoor: Daar is vyf basiese dinge wat God vir ons wil sê en as ons daarop ingestel is sal ons die oor en oor hoor:

- God is vir jou lief
- God wil jou help
- God is naby aan jou
- God wil jou nuutmaak en heelmaak
- God roep jou en Hy stuur jou

Watter impak het dit op jou lewe as jy besef dat die Here jou roep.

- Roeping gee sin en betekenis aan die lewe
- Roeping gee hoop en energie
- Roeping gee koers en rigting
- Roeping gee volharding in moeilike tye
- Roeping gee oortuiging en passie aan die lewe
- Roeping help ons om te verstaan dat die Here 'n persoonlike verhouding met ons elkeen wil hê.

Luister het nog nie plaasgevind as ons nie gedoen het nie. Ons moet ook reageer op dit wat ons hoor.

Volgende twee Sondae: hoe luister ons na God wanneer Hy moet ons deur sy ***Woord*** praat?